



4 van 2026

# NUUSBRIEF

## Vrede Skool 2-Weeklikse Inligting

### SUID-AFRIKA ATLETIEKBYEENKOMS IN KAAPSTAD

Christiaan Portwig haal voorbladnuus met sy pragtige prestasie tydens die SA Atletiekbyeenkoms in Kaapstad op 14 Maart. Christiaan en sy ouers het spesiaal Kaap toe gevlieg sodat hy aan die byeenkoms kon deelneem. Dis 'n baie groot prestasie en net die beste van die beses kwalifiseer om aan die prestige byeenkoms deel te neem.

Christiaan het sy krag behoorlik gebruik en eiding in 12de plek in die Gewigstoot vir Seuns o/11 item met 'n afstand van 11.2m.

Laat dit bietjie insink... Hy is 12de in die hele land se o/11 atlete!

Ons is besonder baie trots op Christiaan. Baie geluk Christiaan!



### Krieketspeler van die Jaar!

Ansuri is tydens 'n glansgeleentheid op 24 Maart aangewys as die o/13 Dogters Speler van die Jaar. Die geleentheid is deur die Vrystaat krieket Unie aangebied by die St. Andrews School in Bloemfontein.

Baie geluk Ansuri! Ons is baie trots op jou!



058 913 1003



hsvrede@internet-sa.co.za



22 Reyneke Straat, Vrede, 9835



# Vrystaatse Gekombineerde Skolesportreeks

Vrede Skool het die voorreg om deel te wees van die splinternuwe VKB Groep se interskole-reeks wat 'n nuwe geleentheid vir ons bied in die Vrystaat. Hierdie reeks is spesiaal vir skole ontwerp wat soortgelyk aan Vrede Skool is in terme van leerdertal, onderrigtaal en demografie.

Die amptelike bekendstelling van die interskole reeks het in Reitz plaasgevind waar Hoërskool Reitz en Hoërskool Heilbron in die eerste wedstryde kragte gemeet het.

De volgende skole is deel van die reeks:

- Hoërskool Reitz
- Vrede Skool
- Hoërskool Heilbron
- Hoërskool SPS Brandfort
- Hoërskool President Steyn (Bloemfontein)
- Hoërskool Zastron
- Hoërskool Bultfontein
- Hoërskool Salomon Senekal (Viljoenskroon)
- Landbouskool Hendrik Potgieter (Reddersburg)
- Hoërskool Hoopstad Skool



Vrede Skool het op 14 Maart ons eerste kragmeting gehad teen Heilbron. Ons spanne het in Heilbron deelgeneem en die dag was besonder lekker met 'n heerlike gesellige atmosfeer onder beide ons leerders en ons ouers wat die dag bygewoon het.

Dit het nie net oor ons eerstespanne gegaan nie. Alle spanne van o/6 jaar tot eerstespan in rugby en netbal het deelgeneem. Slegs ons eerstehokkiespan het deelgeneem aangesien die hokkieseisoen vir die res nog nie aangebreek het nie.

Ons is baie opgewonde oor die toekoms van hierdie reeks en sien uit na twee tuis byeenkomste teen Hoopstad op 11 April en Salomon Senekal op 25 April. Die program vir die 11de April sal hierin volg en sal ook op al ons sosiale media en Inligtingsgroep beskikbaar wees.

Ons nooi graag elke ouer en Vrede Skool ondersteuner uit om die dag saam met ons te kom geniet!



058 913 1003



hsvrede@internet-sa.co.za



22 Reyneke Straat, Vrede, 9835





# Vrystaatse Gekombineerde Skolesportreeks

*Geesvang*

In goeie sportmangees het Vrede Skool op Vrydag 13 Maart die geleentheid gebruik om 'n bietjie "gees te vang" voor die kragmeting teen Heilbron. Elke leerder het skool toe gekom met onder andere 'n blou oog, kopverband, pleister, beenstut, krukke ens. om so 'n klein bietjie gek te skeer met wat Vrede Skool aan Heilbron sou doen.

Die leerders het heerlike pret gehad met al die "opdress" en gekskeerdery en as jy kyk na ons puntetellings kan mens verseker sê die geesvangery het beslis 'n positiewe bydrae gelewer.



## Vrede Skool WINTERSDRAG

Wintersdrag geldig vanaf 1 Mei 2026

ONTHOU ASB:  
Kinders mag op koue dae  
volle wintersdrag dra.  
Somer- en wintersdrag mag  
nie gemeng word nie

### DOGTERS: LA

- BO: Wit langmou skoolhemp met kraag  
Fleece baadjie  
Sweelpakbaadjie  
Das
- Onder: Grys dogterslangbroek OF  
Swart sykouse met blou skoolrompie  
Kort wit kouse  
Swart skoolskoene

(Huidige navy langbroeke kan nog gedra word tydens die uitfaseringstydperk)

### DOGTERS: HA

- BO: Wit langmou skoolhemp met kraag  
Navy Trui/Pullover  
Blazer  
Das
- Onder: Grys dogterslangbroek OF  
Swart sykouse met blou skoolrompie  
Kort wit kouse  
Swart skoolskoene

### SEUNS: LA

- BO: Wit langmou skoolhemp met kraag  
Fleece baadjie  
Sweelpakbaadjie  
Das
- Onder: Grys seuns langbroek  
Grys kouse  
Swart skoolskoene

### SEUNS: HA

- BO: Wit langmou skoolhemp met kraag  
Navy Trui/Pullover  
Blazer  
Das
- Onder: Grys seuns langbroek  
Grys kouse  
Swart skoolskoene

17 Mrt - Andrea Cronje (gr 1)  
 18 Mrt - Arne Klemp (gr 4)  
 19 Mrt - Zaté Joubert (gr 1)  
 20 Mrt - Leah Nel (gr 2)  
 22 Mrt - Marné Muller (gr 3)  
 25 Mrt - Reinhart Botha (gr R)  
     - Gemma Fleischer (gr 11)  
     - Dané Jordaan (gr 5)  
     - Bophelo Mokoena (gr 5)  
 26 Mrt - Werner van Eeden (gr 9)  
 28 Mrt - Luan Doman (gr 6)  
     - Juhann Gerber (gr 9)  
 30 Mrt - Muller Janzen (gr 8)  
 2 Apr - MP de Jager (gr R)  
     - Liandrie Kleinhans (gr 8)  
     - Ofentse Lesolang (gr 12)  
 3 Apr - Zané van Zyl (gr 11)  
 6 Apr - Hanneke Meyer (gr R)




7 Apr - JC Streak (gr 5)  
 10 Apr - Annemieke Botha (gr 3)  
 14 Apr - Alex de Bruin (gr 1)  
     - Soné Els (gr 9)  
 17 Apr - karli van den Berg (gr 1)  
 18 Apr - Christiaan Kleinhans (gr 7)  
 19 Apr - Anri Boulle (gr 9)  
     - Johmar Coetzee (gr 8)  
     - Wianey Els (gr 6)  
 21 Apr - Indrew Kimmins (gr 11)  
 22 Apr - Anzelle de Bruyn (gr 4)  
 23 Apr - Edrich Potgieter (gr 6)  
     - Heindrich Zietsman (gr 6)  
     - Hlompho Motaung (gr 6)  
 24 Apr - Mialize Taljaardt (gr 9)  
 25 Apr - Sean Eckstein (gr 2)  
 26 Apr - CJ Enslin (gr 1)  
     - Jannie-Zell Wasserfall (gr 8)

## VREDE SKOOL TWEE-WEEK VOORUITSIG

8 April - Skool heropen om 07:40 met saalopening  
 9 April - HA Big Brag en Geesvang  
 11 April - 10-Skole Kragmeting teen Hoopstad (TUIS)  
     - HA Hokkie: liga teen Senekal (TUIS)  
 13 April - OUERAAND  
 13-18 April - HA Rugby: liga teen Ntsu (TUIS)(dag sal nog bepaal word)  
 14 April - LA Drakensberg Rugbyliga teen Graanveld (WEG)  
 17 April - Woelie Woeps Ouma en Oupadag  
 18 April - Mini-netbal Afrigtingskursus (Jordania)  
     - LA Drakensberg Rugbyliga teen Ladybrand (TUIS)  
     - HA Netbal: TBM-Oos proewe en provinsiale gradering  
 20 April - Mini-netbal/Bulletjie rugby fees vir o/7 - o/9 (TUIS)  
 20-25 April - HA Rugby: liga teen New Horizon BHM (TUIS)(dag sal nog bepaal word)  
 21 April - HA Netbal: liga teen New Horizon BHM (TUIS)  
     - HA Hokkie: liga teen New Horizon BHM (TUIS)  
 22/23 April - ATKV Redenaarskompetisie 1ste Ronde (Witteberg)  
 23 April - Gr. 12 Onderwêreld vertoning in Bethlehem  
     - LA Drakensberg Rugbyliga teen Ficksburg (TUIS)





# WISKUNDE OLIMPIADE

Op 12 Maart neem 11 van ons HA leerders aan die eerste ronde van die Suid-Afrikaanse Wiskunde Olimpiade deel.

Die olimpiade is van uiterse hoë standaard en leerders word getoets op beide kennis en insig met die tipe vrae wat gevra word.

Die volgende leerders dring deur na die tweede ronde wat op 14 Mei sal plaasvind:

**Gr. 9:**

Pieter Cronje

Werner van Eeden

**Gr. 10:**

LJ Botha

Ella Odendaal

**Gr. 11:**

JC Cronje

**Gr. 12:**

Hilein Fourie

# WISKUNDE UITDAGING

'n Volle 21 van ons LA leerders skryf die Suid-Afrikaanse Wiskunde Uitdaging se eerste ronde wat soortgelyk is aan die SAMO, op 16 Maart. Die standaard is ook baie hoog en die leerders se insig word op vasvrae tipe vrae getoets.

Dit is 'n baie intimiderende toets en dit vat baie moed om deel te neem. Ons is baie trots op beide ons LA en HA leerders wat aan die eerste ronde deelgeneem het.

Baie geluk ook aan die volgende leerders wat deurdring na die tweede ronde wat later in die jaar gehou sal word.

**Gr. 4:**

Luke Kapp

PJ Potgieter

**Gr. 5:**

Jana Odendaal

**Gr. 6:**

Jian van Rooyen



## GEEN-SELFOONBELEID



Vrede Skool het 'n streng geen-selfoonbeleid. Hoekom? Omdat u kind se ontwikkeling vir ons belangrik is. Ons wil afleiding beperk en die fokus plaas waar dit hoort - in die klaskamer, op leer en op mekaar. Onderwys is ons top prioriteit.

Leerders word vriendelik versoek om hul selfone by die huis/koshuis te los. Leerders wat aan buitemuurse aktiwiteite deelneem, mag hul selfoon voor skool begin by die skoolkantoor inhandig. Alle selfone moet duidelik gemerk wees. Selfone sal veilig gestoor word en na skool afgehaal word.

Dankie vir u samewerking en ondersteuning. Ons bou graag aan waardes wat leer bevorder en verhoudings versterk.

Vrede Skool

## PIONIER VRIENDSKAPLIK

Op Woensdag 25 Maart neem ons eerste rugby, netbal en hokkiespanne van die HA deel aan vriendskaplike kragmeting op ons tuisgronde teen Pionier Hoërskool van Vryheid.

Dit was 'n heerlike dag ten spyte van die nat weer en die kwartaal is op 'n gepaste wyse afgesluit net voor ons eerstespanne op hul onderskeie toere vertrek.

Die tellings was as volg:

**Rugby verloor met 10-17**

**Netbal wen met 31-29**

**Hokkie verloor met 1-5**

Ons bedank graag vir Pionier wat al die pad van Vryheid af gekom het om by ons te kom speel. Dis 'n voorreg om teen sterk skole deel te neem en ons spanne het geensins terug gestaan nie.

Ons wens ook ons eerstespanne sterkte toe vir die toere wat in die vakansie voorlê. Ons weet sommer julle gaan die seisoen met ywer aanpak.

I like information. I love  
when smart people  
make me think of  
something in a new way.

Terry Francona





# Woelie Woeps hou MARKDAG!

Die Graad R'e se jaarlikse Markdag het op Vrydag 20 Maart plaasgevind en was 'n heerlike dag vol pret & leer! Daar is gekoop, gesmul & gespeel. Die kleinspan het somer baie geleer oor kleingeld & hoe dit werk om te koop & te verkoop.

'n Groot dankie aan ons maatjies (Die jonger grade by Woelie Woeps asook graad 1-7) van Vrede Skool wat ons kom ondersteun het. Dit het die dag nog meer spesiaal gemaak! Dit was beslis 'n dag om te onthou







26 Maart 2026

Ons kwartaalike herwinningsdag onder leiding van Juf. Gerné Potgieter wat op Vrydag 20 Maart gehou was, was 'n groot sukses. Dis duidelik dat ons herwinningsprojek van krag tot krag gaan waar die gemeenskap en leerders met elke geleentheid al hoe meer aktief betrokke raak. Dit is werklik 'n groot voorreg om deel te wees van 'n projek wat nie net die gemeenskap raak nie maar ook die natuur help gesond hou.

Ons is dankbaar vir elke sent wat ingesamel word met die projek. **'n Stewige R1316.40 is hierdie keer ingesamel.**

'n Kompetisie is onder die grade geloots met die klas wat die meeste insamel 'n heerlike beker warm sjokolade op 'n koue reënigerige dag gewen het!

Die Graad 1-klas is aangewys as die wenklas in die LA en die Graad 10-klas as die wenklas van die HA.

Baie dankie aan elke leerder, ouer en besigheid wat hierdie projek so mooi ondersteun. Sonder julle sou dit geensins so 'n sukses gewees het nie.

Baie dankie ook aan Juf. Gerné vir haar volgehouding met die projek. Dit vat baie van haar tyd wat sy altyd met liefde vir ons skool gee. Juf. Gerné, jy is 'n JUWEE!



**PRESIDENT  
APTEEK**

058 913 1521/6

WA 072 341 3907

**[president@propharm.co.za](mailto:president@propharm.co.za)**

Baie dankie aan President Apteek wat ons besigheids-herwinnaar van die maand van Februarie is. Jul ondersteuning word opreg waardeer!



058 913 1003

[hsvrede@internet-sa.co.za](mailto:hsvrede@internet-sa.co.za)

22 Reyneke Straat, Vrede, 9835



**STAP 1** Registreer aanlyn op [www.myschool.co.za](http://www.myschool.co.za)

**STAP 2** Kies “Vrede Hoërskool” as begunstigde skool

**STAP 3** Swaai jou MySchool kaart met elke transaksie by Woolies

**WANT ELKE BIETJIE MAAK 'N VERSKIL!**



Woolworths het 25 jaar gelede 'n program gelooft om skole te help om 'n ekstra inkomste te genereer. Die program, **MySchool My Village My Planet**, laat toe dat elke ouer of lid van die gemeenskap die geleentheid gebied word om die skool van jou keuse as begunstigde te nomineer en 'n klein persentasie van elke transaksie word dan aan die skool gegee.

Elkeen van ons het al een of ander tyd by Woolworths iets gekoop. Sommige van ons koop op 'n gereelde basis by die winkel. Elke transaksie kan vir Vrede Skool iets beteken ongeag hoe klein.

Al wat jy moet doen is om die stappe links te volg en te registreer. Jy sal 'n kaart ontvang wat jy met elke transaksie by Woolworths swaai. Dis so eenvoudig soos dit om jou skool te help! Registrasie is gratis!

## GEBRUIK VAN JP SPORTSENTRUM

Dit is onder die skool se aandag gebring dat daar leerders is wat die Johann Portwig Sportsentrum gebruik sonder die teenwoordigheid van hul afrigter.

Soos genoem in die begrotingsvergadering betaal die skool vir die gebruik van die sportsentrum se fasiliteite met die voorwaarde dat alle leerders slegs die fasiliteite sal gebruik onder toesig en vergesel deur die leerder of span se afrigter of tydens LO periodes saam met hul onderwyser.

Leerders wat in hul eie tyd die sportsentrum wil gebruik moet steeds die sentrum se ledefooie betaal.

Ons vra dat ouers en leerders asseblief hul samewerking sal gee in die verband.



*Vrede Skool bied aan*

**Steve Hofmeyr**

*Dagboek die datum*

**29 Mei 2026**



**SAVE THE DATE**

**VREDE GONGSKIET**



**12 SEPTEMBER 2026**

KONTAK: FIELIES GELDENHUYS VIR NAVRAE TEL: 082 850 7446



# NETBALLKLINIEK

25 Maart 2026

Op Vrydag 20 Maart neem al ons netbalspeelsters van o/6 tot o/15 deel aan 'n heerlike netbalkliniek by die skool. Die speelsters het verskeie oefentegniese aangeleer om onder andere hul spoed en baltegniese te verbeter.

Die kliniek is deur die bekwame Melinda de Goede van Melinet - Just Netball aangebied. Melinda is 'n voormalige afrigter van die netbalspan vir die Universiteit van Pretoria.

Die 2-dag kliniek het ongelukkig op Saterdag uitgereën en is uitgestel tot 'n latere datum maar Vrydag se afrigting was baie leersaam vir die dogters en elkeen van die speelsters asook hul afrigters het die dag ten volle geniet.

Ons sien uit na 'n heerlike netbalseisoen wat in kwartaal 2 in volle vaart sal begin.



 **SUBSCRIBE**



volg ons op  
Instagram



besoek gerus ons  
nuwe webwerf



**Volg VREDE SKOOL**  
op Facebook

 058 913 1003

 [hsvrede@internet-sa.co.za](mailto:hsvrede@internet-sa.co.za)

 22 Reyneke Straat, Vrede, 9835



26 Maart 2026

## Rugbyweek 2026

Ons jaarlikse VKB Rugbyweek vind weer plaas vanaf 26-28 Maart. Die toernooi is in sy 18de jaar en ons is weereens baie dankbaar vir 'n vol program.

o/15 en o/16 spanne van Heilbron, Salomon Senekal, Newcastle, Oosterland, Harrismith en self so ver as Hangklip van Queenstown neem hierdie jaar deel.

Dit belooft om weer 'n week vol opwindende rugby te wees. Ons nooi graag die gemeenskap uit om deel te wees daarvan en die wedstryde te kom kyk.

Hou ook ons Facebookblad en Instagram dop vir nuus oor die Speler van die Wedstryd wat direk na elke wedstryd aangekondig sal word.

Ons bedank graag ons borge vir hul getroue ondersteuning van ons skool. Ons hoofborg, VKB, wat elke jaar 'n groot rol speel in die bevordering van sport in ons plattelandse skole. Ondersteun gerus ons ander borge, Internet SA, KS Clothing en MMG Ford van Harrismith.

Baie dankie ook aan Vrede Hotel vir die verblyf wat hulle gee vir Du Toit van Maluti FM wat vir die 3 dae vanaf Vrede Skool se gronde regstreeks gaan uitsaai.



InternetSA  
Connect & Grow



## ONTHOU

**Wintersdrag word vanaf 1 Mei gedra.**

Leerders mag vanaf 7 April volle wintersdrag dra op koue dae. Somer en wintersdrag mag nie gemeng word nie.

### WINKEL URE

Maandae: 08:00 - 10:00

Woensdae: 08:00 - 10:00

Vrydae: 10:00 - 12:00

Vrede Skool wens elke leerder, ouer en personeellid 'n heerlike aldus kort vakansie toe. Ons hoop julle kom uitgerus terug.

Die skool begin op Woensdag 8 April weer om 07:40 met saalopening.

Ons sien uit na 'n baie bedrywige tweede kwartaal!

058 913 1003

hsvrede@internet-sa.co.za

22 Reyneke Straat, Vrede, 9835



**vk b**  
VKB VRYSTAATSE GEKOMBINEERDE SKOLEREÛKS

# KRAGMETING



**VS.**



**Datum:** 11 April 2026

**Plek:** Vrede Skool Sportgronde




**skilltracer** **WEL GROW**

**vk b**  
VKB VRYSTAATSE GEKOMBINEERDE SKOLEREÛKS

# PROGRAM



**Rugby**



**DATUM:** 11 April 2026

| TYD           | A-VELD | TYD           | B-VELD |
|---------------|--------|---------------|--------|
| 09:00 - 09:45 | o/15   | 09:00 - 09:25 | o/7 A  |
| 09:50 - 10:45 | o/11   | 09:30 - 09:55 | o/8 A  |
| 10:50 - 11:35 | o/13   | 10:00 - 10:25 | o/7 B  |
| 11:40 - 12:25 | o/9    | 10:30 - 10:55 | o/8 B  |
| 12:30 - 13:25 | o/16   |               |        |
| 13:30 - 14:35 | o/19   |               |        |

**skilltracer** **WEL GROW**

**vk b**  
VKB VRYSTAATSE GEKOMBINEERDE SKOLEREÛKS

# PROGRAM



**Netbal**



**DATUM:** 11 April 2026

| TYD           | BAAN 4(kort) | BAAN 3(kort) | BAAN 2 | BAAN 1 |
|---------------|--------------|--------------|--------|--------|
| 09:00 - 09:30 | o/7B         | o/9A         | o/15B  | o/11A  |
| 09:45 - 10:15 | o/10A        | o/8A         | o/19B  | o/13A  |
| 10:30 - 11:00 | o/9B         | o/7A         | o/11B  | o/12A  |
| 11:15 - 11:45 | o/10B        | o/8B         | o/12B  | o/15A  |
| 12:00 - 12:30 |              |              | o/13B  |        |
| 12:00 - 13:00 |              |              |        | o/19A  |

**skilltracer** **WEL GROW**

**vk b**  
VKB VRYSTAATSE GEKOMBINEERDE SKOLEREÛKS

# PROGRAM



**Hokkie**



**DATUM:** 11 April 2026

| TYD           | HOKKIEVELD |
|---------------|------------|
| 11:00 - 12:10 | o/19       |

**skilltracer** **WEL GROW**

**VIVA TAALWENK**

Die **datum** wat ná die naam van 'n dag volg, word sonder 'n komma geskryf, want dit is nie 'n parentese nie.  
*Ek wil Woensdag 19 November saam met hulle teater toe gaan.*

Waar die datum uitbreidend optree, word dit met 'n komma geskryf:  
*Sy moet oormôre, 14 November, viooleksamen speel.*

Bron(ne): 2017-AWS: reël 13.33(e); SAAZ ✓

**VIVA TAALWENK**

**Afkortings**

Die **maande van die jaar** se afkortings bestaan uit drie letters van die maand se naam (meestal die eerste drie) met 'n punt aan die einde.

"Mei" het geen afkorting nie.  
"Maart" word afgekort met "Mrt."  
"Februarie" en "September" het elkeen twee afkortingsmoontlikhede:  
Feb. en Febr.  
Sep. en Sept.

Bron(ne): 2017-AWS; HAT ✓

**VIVA TAALWENK**

**Spelling**

Sommige woorde het meer as een gestandaardiseerde spelwyse.  
Ons noem dit **wisselvorme/wisselvorms**.

Voorbeelde:  
aartappel óf ertappel  
enigiemand óf enige iemand  
individu óf indiuidu  
restaurant óf restaurant  
skree óf skreeu  
tot siens óf totsiens

Bron(ne): 2017-AWS ✓





Op 4 Maart het die Vrede Vonk tak van die ATKV 'n heerlike gesellige kuns aand aangebied waar dames hulle kunstalente kon tentoonstel. Tussen die gekuier en gelag deur was daar darem 'n paar pragtige kunswerkies wat gemaak is.

Dis duidelik dat elkeen wat deelgeneem het die ontspanne atmosfeer terdeë geniet het.

Baie dankie aan die Vrede Vonk tak vir die organisering en aanbieding van die aand.

**VonkJouTaal**

**Stuur die luiaard na die mier en  
as hy nie te lui is om te gaan nie,  
sal hy te lui wees om terug te  
kom**

**C J Langenhoven**



**MARGIT MEYER-RÖDENBECK**

**OUMA  
EN DIE OU KOEIE**

**MUSIEK: COENRAAD RALL  
TEKS EN REGIE: JURG HUMAN**

**VRYDAG 22 MEI  
REYNECKE SAAL  
MOEDERGEMEENTE VREDE  
LIGTE ETE INGESLUIT  
KAARTJIE BESPREKINGS - R350 P.P  
ELMARIE VAN ROOYEN 0825658075  
NADIA NEL 0825704758**






Vrede Skool bedank graag ons eerstespanne se borg, Saamstaan Voere vir hul mildelike borg van die spandrag en die spoggerige nuwe baadjies. Saamstaan is al vir 'n paar jaar die eerstespanne se amptelike borg. Ons waardeer jul volgehoue ondersteuning van ons skool.

Ons eerstespanne kan heerlik pronk in hul pragtige spandrag en staan sommer uit tussen die res. Ons staan in afwagting vir 'n goeie seisoen wat voorlê.

Saamstaan



Voere



**Sterkte vir al die  
eerstespanne wat  
op toer gaan  
tydens die  
vakansie. Ry veilig  
en geniet die toer.**

**MOENIE TOELAAT DAT DIE  
WINTERKOU E JOU  
ONVERWAGS BEKRUIP NIE.  
BESTEL NOU JOU HOUT BY  
DIE SKOOLKANTOOR**

**LEKKER BRAAIHOUT**  
Bestel vroegtydig by  
skoolkantoor

**R100 / 20KG**

KAMEELDORING  
UIT NAMIBIE

Whatsapp: 079 301 2277

# Vrede Vanuit Die Kantoor

Geagte Ouers, Voogde, Leerders en Personeel,

Soos ons spoedig die einde van die eerste kwartaal bereik, wil ons graag 'n oomblik neem om terug te kyk op 'n baie besige en produktiewe begin van die jaar 2026.

In hierdie baie besige en suksesvolle kwartaal by Vrede Skool het ons leerders werklik in die klaskamer, op die kultuurverhoog én die sportveld hul uitstekend van hul taak gekwyt! Ons is baie trots op dit wat hier by ons skool gebeur het. Tussendeur kon hul ook lekker ontspan met die talle sosiale geleenthede wat aangebied is. Welgedaan aan almal wat elke geleentheid aangegryp het – en die beste daarvan gemaak het!

Hierdie kwartaal is gekenmerk deur harde werk, toewyding en deursettingsvermoë – nie net van ons leerders nie, maar ook van ons personeel en ouergemeenskap. Ons is trots op die wyse waarop ons leerders hulself toegepas het, beide akademies en in buitemuurse aktiwiteite.

Sekerlik die hoogtepunt van die kwartaal was die afskop van ons nuwe VKB Vrystaat Gekombineerde Kleinskole Sporeeks. Ons eerste bepaling was teen Heilbron op hulle velde en ons hele skoolgemeenskap het daar gaan ondersteun, van die o/6 spanne tot die senior 1ste spanne Rugby, Netbal en Hokkie, alles op dieselfde dag, op een terrein. Die positiewe gees van ondersteuning onder die leerlinge en toeskouers was aansteeklik gewees, waar daar applous gegee, ondersteuning en aanmoediging geskree en saamgesing was. Hierdie is beslis iets wat nog groter gaan word en ons sien vreeslik uit na ons eerste tuisbepaling waar ons vir Hoopstad Skool gaan ontvang op 11 April.

Ons wil graag ons opregte dank uitspreek aan al ons ouers onder leiding van die BL, vir u voortdurende ondersteuning. U betrokkenheid speel 'n onskatbare rol in die sukses en ontwikkeling van ons leerders.

Baie dankie aan die hele personeel vir u harde werk die kwartaal. Ek het groot waardering vir almal se bydraes op soveel areas van die skoollewe. 'n Spesiale woord van dankie aan ons terreinbestuurder, oom Coenie Badenhorst, wat sorg dat ons skool en terrein altyd so netjies vertoon en dat alles altyd in plek is. Vir jou en jou span is ons geweldig dankbaar vir die pragtige toestand van ons terrein waarmee ons altyd baie trots kan spog.

Ons skoolbestuurspan met die aanstelling van drie nuwe lede: Danolien Kruger, Annelie Smith en Leandre van Wyk (Interne departementshoofde), saam met bestaande lede van die bestuurspan verdien ook spesiale melding, want as fasebestuurders maak hul seker dat al die baie wiele bly rol en die dinge so glad as moontlik verloop.

Baie sterkte aan al ons sportleerders wat ons skool die vakansie by verskeie toernooie en kompetisies verteenwoordig. Geniet dit!

Ons wens elke gesin 'n veilige en rustige vakansie toe. Mag hierdie tyd vir u 'n geleentheid wees om te rus en kwaliteit tyd saam deur te bring. Ons sien uit daarna om almal verfris en gemotiveerd terug te verwelkom vir kwartaal 2.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Met waardering en hoop, mik hoog.

Mnr C Smith  
Skoolhoof





DAGBOEK DIE DATUM

# VREDE SKOOL

## OPEDAG

8 MEI 2026

*...waar elkeen iets beteken...*

☎ 058-913-1003 / 079-301-2277    ✉ [hsvrede@internet-sa.co.za](mailto:hsvrede@internet-sa.co.za)



## Donderdag, 26 Maart 2026

o/15 spanne

Telling

Oosterland I vs Harrismith

13:00 - 14:00

Skeidsregter: Professor Motholo

Vrede vs Newcastle

14:00 - 15:00

Skeidsregter: Jannie Cocklin

Heilbron vs Oosterland 2

15:00 - 16:00

Skeidsregter: Professor Motholo

o/16 spanne

Telling

Viljoenskroon vs Newcastle

16:00 - 17:00

Skeidsregter: André Gates

Oosterland vs Harrismith

17:00 - 18:00

Skeidsregter: Jannie Cocklin

Vrede vs Hangklip

18:00 - 19:00

Skeidsregter: André Gates

***"Droom so groot soos jy kan droom, want dan is enige iets moontlik"- Michael Phelps***

27



@VREDESKOOL



VREDE SKOOL